



NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA

BELEID VIR EREBENOEMING, BENOEMING EN HERBENOEMING VAN NWU-ENTITEITE

Verwysingsnommer	1P_1.3.1.8C
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Registrateur
Beleideienaar	Registrateur
Verantwoordelike afdeling	Korporatiewe en Inligtingsbestuursdienste
Korporatiewe Verhoudinge en Bemaking	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	22 Junie 2023
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	22 Junie 2026

BELEID VIR EREBENOEMING, BENOEMING EN HERBENOEMING VAN NWU-ENTITEITE

Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid op 22 Junie 2023 aanvaar.

1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

- 1.1 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;
- 1.2 Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 25 van 1999, en beleide en regulasies ingevolge daarvan;
- 1.3 Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 118 van 1998;
- 1.4 NWU-statuut; en
- 1.5 NWU se Ontwikkelings- en Fondswerwingsbeleid.

2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid –

beteken **“skenking”** die oordrag van 'n geskenk – hetsy monetêr of in natura – aan die Universiteit waar die skenker niks anders in ruil verwag as erkenning en die beskikking van die geskenk in ooreenstemming met die skenker se wense nie;

verwys **“entiteit”** na –

- ’n fisiese entiteit soos ’n gebou, koshuis, lesingsaal, laboratorium, of ’n biblioteek;
- ’n eksterne ruimte soos ’n binnehof, ’n loopweg, of ’n tuin;
- ’n organisatoriese eenheid soos ’n sentrum, ’n instituut, of ’n eenheid;
- ’n akademiese posisie soos ’n navorsingseenheid of navorsingsleerstoel;
- ’n toekenning soos ’n beurs;
- ’n gebeurtenis of aktiwiteit soos ’n konsert of openbare lesing, en
- enige ander item wat die Eretoekenningskomitee waardig ag vir aanbeveling vir erebenoeming of benoeming;

verwys **“erebenoeming”** na die proses en uitkoms waardeur die NWU die universiteitsgemeenskap by ’n gedefinieerde prosedure betrek om entiteite van die Universiteit te benoem en te herbenoem om persone, maatskappye of stigtings te erken vir diens, skenkings, borgskappe, beurse of soortgelyke bydraes;

verwys **“benoeming”** na die proses en uitkoms waardeur die NWU die universiteitsgemeenskap by ’n omskrewe prosedure betrek om entiteite te benoem waar erebenoeming nie die bedoeling is nie;

beteken **“herbenoeming”** ’n proses en uitkoms waardeur die NWU die universiteitsgemeenskap by ’n omskrewe prosedure betrek waardeur ’n erenaam of ’n neutrale naam van ’n entiteit by die NWU herbenoem word.

3 Doel van die beleid

Die doel van hierdie beleid is om die benoeming van fisiese, akademiese en ander entiteite by die NWU te reguleer en om te verseker dat 'n regverdig en deursigtige prosedure gevolg word met die oog op die verering van persone en organisasies, en in die algemeen vir die benoeming van entiteite.

4 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU dat –

- 4.1 persone, organisasies en maatskappye vereer kan word deur universiteitsentiteite ter ere van hulle te benoem, en ook op ander maniere insluitend die oprigting van standbeelde en die uitstalling van skilderye;
- 4.2 erebenoeming oorweeg kan word waar 'n persoon, organisasie of maatskappy 'n betekenisvolle bydrae gelewer het of 'n uitsonderlike diens van blywende waarde aan die NWU, die gemeenskap of die land gelewer het.
- 4.3 die benoeming van 'n entiteit wat deur 'n maatskappy geborg word, gebaseer moet wees op 'n medium- tot langtermynverbintenis van die maatskappy tot die borgskap, met dien verstande dat, indien die borgskap beëindig word, die betrokke entiteit herbenoem kan word;
- 4.4 slegs die Raad, onderhewig aan die goedkeuring van die Senaat, erebenoeming kan magtig soos bedoel in hierdie beleid;
- 4.5 erebenoeming spaarsamig en versigtig gedoen moet word en slegs met die doel om erkenning te gee aan unieke bydraes en 'n duidelike assosiasie deur diegene wat vereer word met die waardes, die droom en die doel van die Universiteit;
- 4.6 die erebenoeming van lewende persone en in alle gevalle waar finansiële weldaad ter sprake is, met die grootste omsigtigheid oorweeg moet word;
- 4.7 die benoeming van entiteite (anders as erebenoeming) die strategiese rigting van die NWU en sy verbintenis tot inklusiwiteit, diversiteit, maatskaplike geregtigheid en 'n sorgsaamheidsetiek in ag moet neem;
- 4.8 die herbenoeming van geboue en die herkontekstualisering of die verskuiwing of verwydering van standbeelde, portrette en ander kunswerke slegs onderneem mag word nadat dit nodig verklaar is deur 'n gemotiveerde Raadsbesluit geneem op aanbeveling van die Senaat; en
- 4.9 'n konsekwente, gekoördineerde, kostedoeltreffende en deursigtige benadering tot erebenoeming, benoeming en herbenoeming van entiteite van die Universiteit geïmplementeer word deur middel van duidelike en eenvormige reëls en prosedures wat deur die Universiteitsbestuurskomitee in ooreenstemming met hierdie beleid gemaak word.

5 Rolle en verantwoordelikhede

5.1 Universiteitsbestuurskomitee (UBK)

- 5.1.1 Die UBK moet 'n vaste komitee tot stand bring met die mandaat om voorstelle vir erebenoeming, benoeming en herbenoeming wat van belanghebbers ontvang is, te oorweeg.
- 5.1.2 Die staande komitee moet die menings van lede van die universiteitsgemeenskap en ander belanghebbende partye inwin oor aangeleenthede met betrekking tot voorstelle wat ingevolge 5.1.1 ontvang is.
- 5.1.3 In sy beoordeling van voorstelle vir herbenoeming moet die vaste komitee die volgende in ag neem:
 - 5.1.3.1 regsmening en erfenisimplikasies ten opsigte van moontlike naamsveranderings;
 - 5.1.3.2 geskiedenis en betekenis/beduidendheid van die bepaalde naam;
 - 5.1.3.3 motivering vir die voorstel vir herbenoeming, veral waar donasies ter sprake is.

5.1.4 Die insette van lede van die universiteitsgemeenskap waarna in 5.1.2 verwys word, moet ingesluit word in die verslag wat aan die UBK voorgelê moet word vir oorweging en aanbeveling aan die Eretoekenningskomitee.

5.2 Eretoekenningskomitee

5.2.1 'n Eretoekenningskomitee (ETK) word in die lewe geroep, bestaande uit –

- die Visekanselier wat die voorsitter van die komitee is;
- die Voorsitter van die Raad;
- die Ondervoorsitter van die Raad;
- die drie lede van die Raad wat deur die Senaat verkies is; en
- die Registrateur.

5.2.2 Die ETK oorweeg voorstelle van die UBK wat ooreenkomstig 5.1.4 ontvang is, en dien 'n verslag en sy aanbevelings in by die Senaat, in ooreenstemming met sy opdrag.

5.3 Senaat

5.3.1 By die voorlegging van die verslag en aanbevelings van die ETK kan lede van die Senaat vrae vra ter verduideliking van die verslag en aanbevelings voordat hulle 'n besluit neem, sonder om die meriete van die voorstelle ten opsigte van erebenoeming, benoeming of herbenoeming te debatteer, ter ondersteuning of afwysing daarvan.

5.3.2 Die besluit van die Senaat word geneem per geslote stembrief met 'n meerderheid van stemme.

5.4 Raad

5.4.1 By ontvangs van 'n aanbeveling deur die Senaat vir erebenoeming, benoeming of herbenoeming van 'n entiteit, keur die Raad goedkeuring daarvan goed of af op grond van oorwegings van die beste belange van die NWU.

5.4.2 Oorweging, indien enige, van die meriete van die persoon, maatskappye of stigtings wat vereer moet word, moet *in camera* geskied.

5.4.3 Die besluit van die Raad word geneem per geslote stembrief met 'n meerderheid van stemme.

6 Omvang van toepassing

6.1 Hierdie beleid is van toepassing op entiteite op alle kampusse en ander terreine wat besit of beheer word deur die NWU en hou verband met die algemene sowel as erebenoeming, benoeming of herbenoeming van geboue, paaie, die vertoon van vlae, en uitbeeldings van persone deur middel van standbeelde, portrette en skilderye, en ander kunswerke.

6.2 Hierdie beleid sowel as die UBK-reëls en prosedures wat in ooreenstemming met die beleid ontwikkel word, geld vir alle lede van die NWU-gemeenskap.